

**12 Augustus**

**1 Kronieke 14**

**Doen al jou werk onder God se leiding**

'n Belangrike deel van 'n koning se werk was om sy leërs te lei. Dawid het alreeds bewys dat hy 'n besondere gawe in hierdie verband gehad het. Hy was 'n befaamde krygsman en briljante militêre strateeg.

Tog het hy nooit 'n veldslag aangepak sonder om die Here se leiding te soek en te aanvaar nie. Dit was juis die sleutel tot sy sukses dat hy nie op sy eie insig staatgemaak het nie, maar alleen die leiding van die Here gevolg het.

Hoe dikwels probeer ons nie ons werk met eie insig aanpak nie? Mense bly baie makliker uit die kerk ter wille van hulle werk as wat hulle ter wille van hulle werk meer kerk toe gaan! Vir baie mense is hulle werk 'n totaal ander terrein as hulle godsdienst. Baie dink selfs dat dit totaal onhaalbaar is om God se reëls in die werkplek toe te pas. Werk is egter deel van ons diens aan God. Ons kan slegs sukses behaal indien ons dit in navolging van die Here doen.

*Sing: Psalm 147:4*

*Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*